




**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100





# RIETFLUIT KERSUITGAWE

## KERSGROETE en SEëNWENSE

Liewe vriende (wat saam die familie van Rietfontein-Suid vorm)



Kerstyd is al weer om die draai; 2018 is al amper verby (daar is darem nog 1 maand oor). En hier op die einde van die jaar is ons almal verskriklik besig: ons wil dinge klaarmaak waarmee ons in 2018 begin het; ons wil vir oulaas probeer om nog binne die huidige jaar daardie saak wat aandag moes kry, af te handel, ens.

Die feit dat ons so besig is hier op die einde van die jaar, mag egter nie ons gedagtes so besig hou dat ons vergeet waaroor (of liewer: oor Wie) die Adventstyd gaan nie.

Kersfees dien as 'n herinnering aan die wêreld dat daar goeie nuus is: Jesus, ons Verlosser, is gebore. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie (Hand 16:31).

Tydens Kerstyd moet ons daaraan dink dat God se reddingsplan vir die mens in werking getree het met Jesus wat mens geword het. Die Verlosser het gekom! Hy wat ons sonde en straf op Hom neem.

Vriende, kom ons maak hierdie Kersfeestyd 'n tyd wanneer ons vir die wêreld gaan vertel van die goeie nuus, naamlik dat daar, in en deur Jesus Christus, vergifnis en 'n nuwe lewe vir hulle gekom het.

Kom ons maak ook hierdie Kersseisoen seker dat al ons kinders en vriende die groot en ewige geskenk van God ontvang het.

Dan sal dit 'n geseënde Kersfees vir ons almal wees!

‘n Geseënde Somerkersfees vir u. Mag u dit as ‘n ware Christusfees beleef.

Voorspoed word u ook toegebid vir 2019.

Van die Leraars en gesinne




Gehoor in die Moot
**Dr René Hornby**
STA 0013943 PR 8212155
audiologists • oudioloë
B.Log IV & M.Communication Path (UP), Rem Dipl (RAU), Doctor of Audiology (A.T. Still USA)

**Skakel gerus vir:**

- Volledige gehoortoetsing vir alle ouderdomme.
- Verskaffing van gehoorapparate, opleiding en nasorg.
- Verskaffing van swemproppe en gehoorbeskermers.
- Hantering van tinnitus (suising).

**Rietfontein & Les Marais Praktyke**
**012 331 4469**

dienaars van my Eienaar.

**Die sekerheid van die enigste troos**

*__Die ewige lewe.__* Deel van hierdie troos is die sekerheid wat ek kry dat ek deel in die ewige lewe.

Nou moet ons nie die fout maak om te dink dat die “ewige lewe” eers na die dood intree nie. Die ewige lewe ontvang ons reeds by die wedergeboorte (Joh. 3:3). Jesus sê: “Elkeen wat in My glo, het die ewie lewe” (Joh. 3:36). Die tydelike lewe begin met die geboorte en die ewige lewe begin met die wedergeboorte.

*__Wie gee hierdie versekering?__* Die Heilige Gees. En Hy doen dit altyd deur die Woord van God waarin die beloftes van die ewige lewe so duidelik staan.

**Die nuwe lewe as eiendom van Christus**

Nou het die Heilige Gees ook iets geweldigs diep binne-in my hart gedoen. Hy het my hart so verander dat ek nie meer vir Satan of vir myself wil lewe nie, en ook nie eers meer aan myself kán behoort nie. Hy het my hart se hele rigting verander. Daar het bekering in my lewe gekom (ek het heeltemal omgedraai van my vroeëre sondige koers) daarom is ek nou “van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.” dit het ek nie self bewerk nie. Dit is die werk van die Heilige Gees. Dit is ook die bewys en die waarborg dat hy nou heerskappy voer in my lewe.

Dit beteken egter ook weer nie dat ons nou reeds volmaak en sondeloos op hierdie aarde is nie, maar ons is wel “bereid en gewillig om vir Hom te lewe”. Al moet ons soos Paulus nog kla oor die “kwade wat ons nie wil nie” (Rom 7:19) sien ons tog met verlange uit na die voltooide verlossing. Ons hét reeds die beginsel van die ewige lewe.

**Kan jy al antwoord?**

Die vraag is nie of jy nog die eiendom van Christus gaan word nie, maar wel of jy dit al is (2 Tim 1:12). Bid dat jy met ‘n eerlike “ja” kan beantwoord, en dat jy kan sê:

“Omdat ek Hom leer ken het, het ek Hom lief,
en omdat ek Hom liefhet, wil ek Hom dien..!”




## Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasties om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon v Heerden.

## DIE ENIGSTE TROOS (Deel 2)

**Die inhoud van die Troos**

Wat is nou die aard van hierdie vryheid? Wat behels hierdie verlossing? Dit behels:-

*Verlossing van skuld en sonde:* Die oorsaak van ons sorge en ellende is die sonde (Ps. 130). God wil nie net die simptome van die kwaal dokter nie, maar Hy het ten volle betaal om ook die oorsaak daarvan, nl. die sonde (die oorsaak van ons ewige honger en kommer), weg te neem .

*Verlossing van die heerskappy van die duiwel:* Dit sou ook nog nie genoeg gewees het as Hy ons van die sonde en sondeskuld alleen verlos het nie, want dan sou ons nog maar voortgeleef het in die sonde. Maar nou het Hy ook die heerskappy van die sonde weggeneem. Ja, daar is nog die aanslae van Satan en die sonde en ons gee ook nog daaraan toe, maar dit heers nie meer oor ons nie (Rom 6:14).

*Bewaring te midde van aanslae:* God doen nie halwe werk nie. Die wat aan Hom behoort, neem Hy geheel en al vir se rekening. Hy sorg vir hulle, bewaar en beskerm hulle, na die siel en ook na die liggaam.

Dit beteken nie dat daar vir die verloste geen aanslae en teenspoede sal wees nie. Maar dit sal nie "sonder die wil van my hemelse Vader" geskeid nie, en in kinderlike vertroue weet ek dat alles, ook my teleurstellings en smart "tot my saligheid dien". Ook die teenspoede is



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

Sien jou daar!

- **1 Des:** Moot Care Karwas en Mark
- **12 Des:** Skole sluit
- **16 Des:** Gelofte– en Versoeningsdiens om 9:00
- **17 Des:** Vakansiedag
- **25 Des:** Kersdiens om 9:00
- **31 Des:** Oujaarsdiens om 18:00
- **9 Jan:** Skole open
- **13 Jan:** 09:00 Kleuterkerk en kategese (3jr - graad 7) begin in saal, asook Aanddienste en Jeuggroepe begin
- **19 Jan:** Werkswinkel (Die toekomstige Bediening in en vanuit Rietfontein-Suid*…Saam met Jesus…* )
- **20 Jan:** Nagmaal om 9:00
- **27 Jan:** Youthbash om 18:00
- **2 Feb:** Moot Care Karwas en Mark
- **22 Feb:** Sendingete om 18:30

**LET WEL: Desembermaand: geen aanddienste. Aanddienste begin weer 13 Januarie 2018**

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za




*Barry Gallery*

'n Kunsgallery vir almal met 'n liefde vir kuns.

Die gallery is in 'n rustige huislike atmosfeer omring deur 'n groot tuin met verrassings om elke hoek.

**Besoeke per afspraak asb.**

Kontak vir Marí by 083 697 3544 of 012 329 6666

Adres: 35 Pieter Bouwer st., Riviera

www.facebook.com/Barry-Gallery



# DIENSGETUIENIS-BEDIENING

## SENDINGFEES 2019


**10 - 24 Februarie**

10 Feb: Bewusmaking van Barmhartigheidsaksies

17 Feb: Bewusmaking van Sendingaksies

24 Feb: Onderneming t.o.v. Dankoffers, Barmhartigheid, Geloofsofferbelofte en Sending.

Vrydag 22 Februarie 18:30 SENDINGETE




***HUISOPPASSER***

Benodig u 'n betroubare persoon om u huis op te pas en diere te versorg in die vakansietyd?

Billike tariewe.

Kontak vir Marco du Plessis by 072 497 9855

